


# Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Januarie 2023

## NSFAS help die jeug om hul lewens te verander



Owen Mngadi

**B**ongumenzi Mvelase is op die regte spoor om sy kinderdroom te verwesenlik om 'n top-advoakaat te word danksy die befondsingsteun wat hy ontvang het. Die 22-jarige derdejaarsregstudent van die Universiteit van die Noord-Wes (NWU) is 'n begunstigde van die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS).

Mvelase, vanaf Utrecht in KwaZulu-Natal, het beide sy ouers op 'n jong ouerdom verloor en is deur sy grootouers grootgemaak. Hulle is ongelukkig ook oorlede toe hy in graad 10 was, wat hom gedwing het om Gauteng toe te verhuis, waar hy sy matriek voltooi het terwyl hy by ander familielede gewoon het.

Mvelase sê egter dat hy bly glo het in sy kinder-

droom en het hard studeer het om die minimumvereistes te behaal om universiteitstoelating te kry. Per NWU se toelatingsvereistes vir 'n graad in BCom Regte, het Mvelase vlak 5 (60–69%) in Engels en IsiZulu en vlak 3 (40–49%) in wiskunde behaal. Sy toelatingstelling, wat die gemiddeld van al sy vakke was — lewensoriëntering uitgesluit — was 32.

Mvelase sê dat sy deurlopende sterke prestasie in Matriek en die ondersteuning van sy familie en onderwysers hom geïnspireer het om aan te hou om sy droom om as prokureur te kwalifiseer, te koester en hy het begin ondersoek instel na befondsingsgeleenthede.

Hy het by 'n loopbaandag van die NSFAS gehoor en tydens sy finale jaar op hoërskool aansoek gedoen. Hy sê dat die proses maklik was en dat hy nie gesukkel

het toe hy as eerstejaar op universiteit begin studeer het nie.

Die NSFAS het 'n volle beurs aan hom toegestaan wat skoolgeld en studiemateriaal, verblyf, 'n boektoelaag en maandelikse toelae van R1 500 vir voedsel verskaf. Hy sê dat dit 'n verligting was om as NSFAS-begunstigde gekeur te word, aangesien dit hom toelaat om op sy studies te fokus en hom nie oor geld te moet kommer nie.

Hy gebruik 'n deel van sy reistroelaag om terug te keer na KwaZulu-Natal tydens skoolvakansies.

Alhoewel hy besef dat daar nog 'n lang pad vir hom voorlê voordat hy as advokaat toegelaat word, is hy dankbaar oor hoe ver hy reeds gekom het.

"Daar was oomblikke waar ek nie seker was wat ek na Matriek wou doen nie omdat 'n mens geld nodig het om universiteit toe te gaan, so ek is dankbaar daarvoor dat die NSFAS my tot dusver gehelp het om te

Vervolg op bl. 2



Packhouse changes local farmers' fortunes

Page 7



Maarman ready to be seen through photography

Page 10

Om Vuk'uzenzele te lees, laai die GOVAPP af by:

ANDROID APP ON Google play Available on the App Store

Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Webwerf: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-pos: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel.: (+27) 12 473 0103

Tshedimosetso House:  
Hv. Frances Baard- en Festivalstraat 1305, Hatfield, Pretoria, 0083

GRATIS NIE TE KOOP NIE

## Vervolg van bl. 1

kom waar ek is, al weet ek dat die pad vorentoe nog lank is", sê hy.

Rakende sy beroepskeuse, sê Mvelase dat hy van jongens af besef het dat regskoste bo die meeste mense se vuurmaakplek is en nie regtig bekostigbaar vir gewone mense is nie. Hy hoop om ander mense te help sodra hy hom in dieregsberoep gevestig het. Hy streef daarna om 'n prokureur vir menseregte te word om 'n verskil te

maak in sy gemeenskap, veral rakende kwessies rondom grondhervorming, wat hy sê nog nie uitsluitsel in sy dorpie bereik het nie.

Hy sê dat om universiteit by te woon sy lewe verander het. Hy het inspirerende mense ontmoet wat in 'n posisie is om hom te help om sy doelwitte te bereik.

"Ek het deelgeneem aan baie programme wat my gehelp het om my gekose loopbaan te verstaan. Ek het die geleenthed om mense te ontmoet wat kop

en skouers uitstaan in die veld; dit is 'n baie opwindende ervaring", sê hy.

## Steun vir studente

Mvelase moedige voornemende studente wat nie studiegelde kan bekostig nie, aan om aansoek te doen om NSFAS-befondsing en só hul drome te verwesenlik.

Hy waarsku egter dat dit 'n baie uitdagend is vir studente — veral vir diegene wat uit minderbevoorde families kom en nog nie baie ver van die huis af was nie — omdat

hulle myle van die huis af gaan wees. Hy is besorgd oor mede-begunstigdes wat uiteindelik opskop as gevolg van swak akademiese prestasie. Studente wat oorweldig voel, sê hy, moet die universiteit se fasiliteite vir geestelike en sielkundige steun gebruik.

Hy sê dat een van die NSFAS se voorwaardes van volgehoue befondsingsteun totdat 'n student sy of haar graad voltooi het, is dat die student deurlopend sterk akademies presteer.

"Die NSFAS het hoop

gebring aan soveel van ons wat uit onbevoordekte agtergronde kom. Ek sou elkeen daarbuite, veral diegene vanuit landelike gebiede, aanraai om hul aansoeke betyds in te handig en hul punte te verbeter sodat hulle die loopbane van hul keuse kan volg.

"Ons moet ook verstaan dat alhoewel dit alles goed en wel en ook verniet klink, iemand wel vir ons studies betaal by wyse van belasting. Ons mag nie dié geleenthede misbruik nie", sê hy. ▀

# Doen voor 31 Januarie 2023 aansoek vir NSAF-befondsing!

## More Matshediso

**A**lhoewel aansoeke vir befondsing deur die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) vir die 2023 akademiese jaar eers op 31 Januarie 2023 sluit, beveel die skema aan dat aansoekers nou aansoek doen en nie wag tot op die laaste oomblik nie.

NSFAS bied finansiële hulp aan leerders wat graag wil studeer of reeds aan 'n openbare universiteit of kollege vir tegniese en beroepsgerigte onderwys en opleiding (TVET) studeer en vanuit 'n gesin met 'n jaarlikse inkomste van R350 000 of minder afkomstig is.

Volgens die NSFAS ontvang suksesvolle aansoekers befondsing vir registrasie; skoolgelde; toelaes vir kos, verblyf of vervoer; studiemateriaal; en persoonlike sorg.

Om vir 'n NSFAS-beurs

te kwalifiseer moet jy 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat beplan om in 2023 te studeer of reeds besig is om te studeer aan 'n openbare universiteit of TVET-kollege.

## Vereistes

Jy kwalifiseer vir befondsing indien:

- jy 'n toelaag ontvang van die Suid-Afrikaanse agentskap vir maatskaplike sekerheid (SASSA), of
- jy 'n persoon is wat leef met 'n gestremdheid, met 'n gesamentlike huis-houdelike inkomste van minder as R600 000 per jaar, of
- jy tans studeer en akademies daarvoor kwalifiseer.

Hoe om te registreer of aansoek te doen?

Om aansoek te doen vir befondsing moet jy registreer vir 'n @myNSFAS-rekening deur die volgende stappe te volg:

- Besoek [www.nsfas.org.za](http://www.nsfas.org.za)

- Klik op die myNSFAS-knoppie aan die boonste regterkant van jou skerm.

- Vul jou persoonlike inligting in volgens jou identiteitsdokument.

- Vul jou geldige kontakbesonderhede in (NSFAS sal dit gebruik om belangrike inligting en nuus oor jou aansoek te kommunikeer).

- Aanvaar die bepalings en voorwaardes deur op die betrokke knoppie te klik. Dit is 'n vereiste en stel die NSFAS in staat om die inligting wat jy verskaf het, te verifieer.

- Skeep 'n wagwoord om jou rekening te beskerm, bevestig die wagwoord en klik dan op 'CREATE'.

- 'n Boodskap om die skep van jou rekening te bevestig, sal op die skerm verskyn.

"Onthou om ten alle tye jou persoonlike besonderhede en wagwoorde privaat te hou om identiteitsdiefstal te vermy

- en te verhoed dat skelms toegang tot jou profiel verkry", waarsku die NSFAS.

NSFAS herinner aansoekers ook daaraan om versigtig te wees vir valse webwerwe en webbladsye wat hulself as NSFAS voordoen, aangesien dit swendelaars kan wees wat probeer om hul persoonlike inligting in die hande te kry.

Aansoekers moet die volgende dokumente byderhand hê wanneer hulle aansoek doen:

- Afskrif van ID/geboortesertifikaat

- Afskrif van ouer/s of voog/eggenoot se ID

- Indien jy 'n slimkaart ID het, moet die afskrif van beide kante wees

- Bewys van inkomste (indien van toepassing)

- Persone wat met 'n gestremdheid leef, moet die gestremdheids-aanhanger A-vorm invul, wat beskikbaar is op die NSFAS-webwerf

- Indien jy beskou word

as 'n weerlose kind deur die departement van maatskaplike ontwikkeling, moet jy 'n voltooide verklaringsvorm van weerlose minderjarige verskaf wat deur 'n maatskaplike werker onderteken is

• Indien jy aangedui het dat jy nie die inligting het van sekere familielede nie of 'n verkorte geboortesertifikaat besit nie, moet jy die nie-SASSA-verklaring voltooi.

"Die stelsel sal 'n lys van die vereiste dokumente wat op die stelsel gelaai moet word, na aanleiding van jou aansoek skep", sê NSFAS. ▀

## Besoek

[www.nsfas.org.za](http://www.nsfas.org.za)  
vir meer inligting of volg @myNSFAS op Twitter, MyNSFAS op Instagram of "National Student Financial Aid Scheme" op Facebook.



government  
communications

Department:  
Government Communication and Information System  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

## Head of Editorial and Production

Regomoditswe Mavimbela  
[Regomoditswe@gcis.gov.za](mailto:Regomoditswe@gcis.gov.za)

## Acting Editor-in-Chief

Zanele Mgadi | [Zanele.mgadi@gcis.gov.za](mailto:Zanele.mgadi@gcis.gov.za)

## Acting Managing Editor

Tendai Gonese | [tendai@gcis.gov.za](mailto:tendai@gcis.gov.za)

## News Editor

Noluthando Motswai

## Writers: More Matshediso

## Graphic Designers

Tendai Gonese | Benny Kubjana

## Production Assistants

Jauhara Khan | Sebastian Palmer

## Language Practitioners

Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse

Thandolunye Khulu | Mahanyele Ramapala

**Vuk'uzenzele**

is published by Government Communications (GCS)



Distributed by:



Printed by:



The material in this publication may be reproduced, distributed, or transmitted in any form or by means, including photocopying, recording, or other electronic or mechanical methods, without the prior permission of the publisher on condition that this publication shall be credited as the source.



# Media-vryheid in Suid-Afrika is rede vir hoop en optimisme

**Ín** Vrye pers is een van die mees beduidende dividente van ons demokrasie, en tog is dit die een wat ons die meeste as vanselfsprekend aanvaar.

Die bedryf van journalisme in Suid-Afrika is skaars 45 jaar gelede as 'n bedreiging vir die stabiliteit van die staat beskou.

As mens terugkyk na hoe dinge verander het sedert die kom van demokrasie, is die tredhoudende barometer op wêreldwyse persvryheid deur die groep Reporters without Borders (RSF) baie insiggewend.

Onderaan elke land se verslag is daar 'n infografiek met inligting oor hoe joernaliste misbruik en mishandel is.

So kan mens sien dat daar net vanjaar reeds 45 joernaliste en vier mediawerkers in verskeie dele regoor die wêreld dood is weens redes verwant aan hul werk. Vanjaar is daar ook 207 joernaliste en sewe mediawerkers gevange geneem.

In Suid-Afrika is geen joernaliste in 2022 vermoor onder omstandighede verwant aan hul joernalistiese bedrywighede nie en geen joernaliste is gevange geneem nie. Dit was ook die geval verlede jaar, asook die vorige jaar en die voorafgaande jare.

Dit is 'n aanduiding van die robuuste gesondheid van nie net ons mediabedryf nie, maar ook van ons demokrasie.

Die feit dat joernaliste hul roeping vryelik kan uitleef, sonder vrees vir wraak, is



iets waarop ons waarskynlik trots kan wees. Die media kan in Suid-Afrika vrylik publiseer en uitsaai en die bedryf reguleer homself deur verskeie meganismes soos die Perskode.

Poniekoerant-styl journalisme bestaan sy aan sy met ernstige verslaggewing. Ernstige, ingeligte kritiek bestaan sy aan sy met skinder en slegpraat van openbare figure, beroemde persone en politieke leiers.

As staatshoof is ek die onderwerp van verskeie verskillende mediastories op 'n byna daaglikse basis. Dit is te verstanne en te verwagte dat die president voortdurend in die media se kruisdrade sal wees en ek sal voortgaan om my nie daaraan te steur nie.

Mediavryheid is 'n vrug van demokrasie en een wat ons versigtig en onbetwiste lijk moet beskerm en daarna moet strewe om dit ten alle

tye moontlik te maak.

Dit is veral die geval wanneer daar pogings aangewend word om joernaliste te intimideer, te dreig of stil te maak op aanlyn en ander platforms. Dit was veral te siene tydens die era van staatskaping.

Die mees ontstellende was die aanvalle gemik op vroulike politieke joernaliste op sosiale media platforms, waar vrouehaatspraakterminologie gebruik is; dit het selfs by tye gepaard gegaan met dreigemente van seksuele geweld.

Gegewe dié betreurens-waardige tydperk in ons baie onlangse verlede, is dit kommerwekkend dat ons 'n herlewing bespeur in aanlynse en ander vorme van geweld wat gemik is op joernaliste in ons nasionale sefer.

Die swak behandeling van joernaliste wat tans in

soveel dele van die wêreld plaasvind is iets wat ons nie in Suid-Afrika moet toelaat nie. Die media speel 'n noodsaaklike rol om te verseker dat daar verantwoordbaarheid is in ons demokrasie en ons moet dus almal vas staan teen enige pogings om joernaliste te intimideer of stil te maak.

Ten spyte van ons land se vordering in terme van persvryheid, het Suid-Afrika se plek op die RSF se persvryheidsindeks sedert 2021 met drie plekke gevall.

Daar is verskeie fasette aan mediavryheid. Joernaliste se veiligheid is slegs een aanwyser; die ander is politiese en ekonomiese konteks, wetsraamwerke en sosiokulturele konteks. Die indeks noem toegang tot gelate-joernalistiek via betaalmure as 'n ekonomiese versperring vir landsburgers, die impak van die Kovid-19-pandemie op die befondsing van klein en onafhanklike media om handel te dryf, en aanlyn-smeerveldtogene deur politieke partye wat gemik is op joernaliste.

Nog 'n faktor wat 'n die stand van joernalisme sterk raak, nie net in Suid-Afrika nie maar ook regoor die wêreld, is die bedreiging van waninligting.

Die voortdurende manier waarop waninligting aanlyn en selfs deur gevestigde mediaplatforms as die waarheid versprei word, is kommerwekkend. Die potensiaal hiervan om skade te berokken, strek veel wyer as slegs die enkel-

verbruiker van nuus.

Ons het dié verwoestende impak eerstehands tydens die onluste in Julie 2021 in verskeie dele van die land gesien, waar vals inligting wat as verslaggewing vermom is, gebruik is om die spanning tussen gemeenskappe op te sweep en verder ook gebruik is om mense te mobiliseer om kriminele dade te pleeg en selfs geweld aan te hits.

Tydens dié era van waninligting benodig ons meer media, nie minder media nie.

Die enigste manier om die verspreiding van waninligting teë te werk is om geloofwaardige nuusmediaplatforms te laat groei en uit te brei. Die enigste teenmaatreël teen slegte en swak joernalisme wat deurspek is met politieke agendas en suiweringskruistogte oftewel 'purgung crusades' is geloofwaardige, goedopgeleide joernaliste wat slegs daarin belangstel om die publiek in te lig en op te voed.

Daar word 'n beroep op beide die staat en die privaatsektor gedoen om hul deel te bring in die steun van die vrye pers deur laasgenoemde se volhoubaarheid te verseker by wyse van advertensies, inhoudsvennote en ander modelle.

Ons bedank ons nasie se hardwerkende joernaliste, redakteurs en ander mediawerkers wat voortgaan om hul belangrike rol in diens van demokrasie vol te staan. **1**